

29 April

Lukas 15:11 -16 en Psalm 40

(Teks: 15: 14)

En ook hy het begin gebrek ly

Geloofsekerheid is om soos Paulus te kan sê: VIR MY IS DIE LEWE CHRISTUS EN DIE STERWE WINS (Fil. 1). Geloofsekerheid lê dus in Christus en dit bring die vraag: Het ek Jesus in my lewe? Dit is die gebed: Here, wys my my sonde en laat ek die verskriklike gevolge ken van 'n lewe sonder U. Dan volg die derde tree op die pad na geloofsekerheid.

Die VERLORE SEUN het losbandig gelewe en al sy goed deurgebring, maar toe kom daar hongersnood en ook hy het begin gebrek ly. Die Griekse woord is HUSTEREISAI. U hoor ons histerie. Hy het alles deurgebring en toe stel sy vriende en vriendinne ook nie meer in hom belang nie - kerkmuise is nie populêr vir die wêreld nie. As dinge uit jou hande begin gly, as jy begin agter raak - jou skuld by die bank by voorbeeld - dan neem 'n mag van jou besit Jy gaan lê wel nie histeries en skop en skreeu nie, maar jy raak gejaagd. Dinge gryp jou vas. Die VERLORE SEUN word histeries van honger. Hy verlang selfs na die varkkos. Dit is die beeld van 'n mens wat alles verloor het. Dan kom die besef: Ek het alles moontlik gedoen, maar ek kan myself nie help nie.

In die greep van Satan kan ek histeries word. Spook en spartel. Ek sal egter nie slaag as ek dink ek sal dit self doen nie. Uiteindelik gaan jy 'n histeriese senu-ineenstorting kry.

Daarom: Ek is 'n sondaar. Ek is in gevaar. Ek het hulp nodig. Ek kan myself nie help nie. Ken daarom jou eie hopeloosheid en hulpeloosheid. Dit is die deur na die vierde tree op die pad van geloof sekerheid.

Sing Psalm 73:41

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)